

# Kus die Seun, ja, die Seun

---

*Psalm 2 ís Messiaans*

**AH Bogaards**

Fritz Uitgewers ©

2019

## Table of Contents

1. Die bedoeling van hierdie artikel.....	4
2. Psalm 2 verklaar.....	4
2.1. Inleidend.....	4
2.1.1. Die skrywer.....	4
2.1.2. Profeties-Messiaans of tipies-Messiaans.....	4
2.1.3. Die struktuur.....	5
2.1.3.1. Oorsigtelik.....	5
2.1.3.2. In besonderhede.....	5
1. Vv. 1-3 Die nasies en konings woel teen die HERE en sy Gesalfde.....	5
2. Vv. 4-6 Die HERE se reaksie op die opstand.....	5
3. Vv. 7-9 Die Seun aan die woord.....	6
4. Vv. 10-12 Die digter vermaan nasies en konings om hul opstand te staak.....	6
2.2. Vers 1-3.....	6
2.2.1. Vers 1.....	6
2.2.2. Vers 2.....	8
2.2.2. Vers 3.....	8
2.3. Vers 4-6.....	9
2.3.1. Vers 4.....	9
2.3.2. Vers 5.....	9
2.3.3. Vers 6.....	9
2.4. Vers 7-9.....	10
2.4.1. Vers 7.....	10
2.4.1.1. Ek wil vertel van die besluit.....	10
2.4.1.2. U is my Seun.....	10
2.4.1.3. Vandag het Ek self U gegeneer.....	12
2.4.1.4. Die Aangesprokene in Psalm 2.....	14

2.4.1.5. Psalm 2 'n profesie, 'n belofte, 'n evangelie – aan die vaders!.....	14
2.4.1.6. Christus se Godheid deur Hebreërs bewys met Ps.2.....	16
2.4.2. Vers 8.....	16
2.4.3. Vers 9.....	18
2.5. Vers 10-12.....	20
2.5.1. Vers 10.....	20
2.5.2. Vers 11.....	20
2.5.3. Vers 12: Seun.....	20
2.5.3.1. Seun op tekskritiese gronde weggelaat.....	20
2.5.3.2. Argumente teen die sogenaamde tekskritiese gronde.....	21
2.5.3.3. Kus die Seun, die LXX, die Targum en ander ou vertalings.....	24
2.5.4. Die res van vers 12.....	25
3. Ps.2:7 en 12 en ons belydenis.....	26
3.1. Nicea.....	26
3.2. Athanasius.....	26
3.3. NGB Art.10.....	26
4. Dat ook Jode, wat nie in Christus geglo het nie, Psalm 2 Messiaans verklaar het.....	27
4.1. Dit kan uit die Bybel afgelei word.....	27
4.2. Dit kan uit buite-Bybelse bronne geleer word.....	27
4.3. Beskamende gevolgtrekking.....	27
Enkele bronne.....	27

## 1. Die bedoeling van hierdie artikel

Ek het vier oogmerke met hierdie skrywe:

1. Dit is bedoel as '*n volledige kommentaar* op Psalm 2.
2. My oogmerk is ook om te laat sien dat ons in Psalm 2 met '*n Messiaanse Psalm* te make het. Ek sal bewys dat nie alleen vers 7 daarop dui dat ons hier 'n Christus-Psalm het nie, maar ook vers 1, 2, 8, 9 en 12.
3. Ek wil in die verklaring die heerlike *eenheid van die Skrif* laat sien: hoe daar *lyne* loop vanaf hierdie Psalm na ander Psalms en na die Nuwe Testament.
4. Veral vers 7 en 12 sal besondere aandag kry. Die woord "Seun" van vers 12 word sedert die 1983-vertaling as 'n fout in die teks, 'n tekskritiese probleem, beskou.

## 2. Psalm 2 verklaar

### 2.1. Inleidend

#### 2.1.1. Die skrywer

Al het hierdie Psalm nie 'n opskrif nie en al word die naam van die skrywer ook nie genoem nie, tog hoef ons nie te twyfel oor wie die outeur was nie. Handeling 4:25 sê dat **God** hier deur die mond van **Dawid** spreek.

**God self** is dus die eintlike Spreker *by monde van Dawid*.

#### 2.1.2. Profeties-Messiaans of tipies-Messiaans

Ons kan die Messiaanse Psalms in twee groepe verdeel:

##### 2.1.2.1. Tipies-Messiaans

Daar is Messiaanse Psalms wat nie onmiddelik van Christus getuig nie. Dit is sulke Messiaanse Psalms waarin sekere uitnemende persone soos Dawid en Salomo in hulle lewe, dade, lyding en stryd die Christus afbeeld. Ons praat van tipes van die Christus. Ons kan hierdie Psalms ook indirek-Messiaans noem.

Hierby kan ons onder andere dink aan Ps.72 en 109.

##### 2.1.2.2. Profeties-Messiaans

Daar is egter ook Messiaanse Psalms wat profesieë aangaande die Messias bevat. Dit is Psalms wat uitsluitlik en onmiddelik van Hom getuig en op niemand anders as net op Hom alleen van toepassing is nie. Ons kan dit ook direk-Messiaans noem.

Hierby kan 'n mens onder andere dink aan Ps.110.

Dat ook Psalm 2 onder hierdie groep val, hoef nie betwyfel te word nie. Ons het daarvoor die onweerlegbare getuienis van die Heilige Gees in die Nuwe Testament. Christus se apostels beroep hulle daarop dat hierdie Psalm in Christus vervul is (vgl. Hand.4:25,26, 13:33; Heb.1:5, 5:5). Op hierdie getuienis en die inhoud daarvan sal dieper ingegaan word in die kommentaar.

### 2.1.3. Die struktuur

#### 2.1.3.1. Oorsigtelik

Ter wille van 'n goeie oorsig en verstaan van die Psalm, kan die Psalm soos volg struktureel ontleed word:

- Die lied kan verdeel word in vier versgroepe (strofes), wat elkeen weer weer bestaan uit drie verse: 1-3; 4-6; 7-9; 10-12
- Elke vers bestaan uit twee dele (Sien die Aleppo-kodeks).
- Die laaste drie verse (10-12) slaan terug op die eerste drie groepe:
  - v 10 slaan op vv 1-3,
  - v 11 op vv 4-6 en
  - v 12 op vv 7-9.

#### 2.1.3.2. In besonderhede

##### **1. Vy. 1-3 Die nasies en konings woel teen die *HERE* en sy Gesalfde**

Ps. 2:1 Waarom woel die nasies / en bedink die volke nietige dinge?

Ps. 2:2 Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad / teen die *HERE* en teen sy Gesalfde en sê:

Ps. 2:3 Laat ons hulle bande stukkend ruk / en hulle toue van ons afwerp!

- ***Ps. 2:10 Wees dan nou verstandig, o konings; laat julle waarsku, o regters van die aarde!***

-----

##### **2. Vy. 4-6 Die *HERE* se reaksie op die opstand**

Ps. 2:4 Hy wat in die hemel woon, lag; / die Here spot met hulle.

Ps. 2:5 Dan sal Hy hulle aanspreek in sy toorn, / en in sy grimmigheid sal Hy hulle verskrik:

Ps. 2:6 Ek tog het my Koning gesalf / oor Sion, my heilige berg.

- **Ps. 2:11 Dien die HERE met vrees, en juig met bewing.**

### 3. Vv. 7-9 Die Seun aan die woord

Ps. 2:7 Ek wil vertel van die besluit: / Die HERE het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegeneer.

Ps. 2:8 Eis van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel / en die eindes van die aarde as u besitting.

Ps. 2:9 U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf, / U sal hulle stukkend slaan soos 'n erdepot.

- **Ps. 2:12 Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam. Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil!**

### 4. Vv. 10-12 Die digter vermaan nasies en konings om hul opstand te staak

Ps. 2:10 Wees dan nou verstandig, o konings; / laat julle waarsku, o regters van die aarde!

Ps. 2:11 Dien die HERE met vrees, / en juig met bewing.

Ps. 2:12 Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam. / Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil!

## 2.2. Vers 1-3

### 2.2.1. Vers 1

**Waarom wou die nasies / en bedink die volke nietige dinge?**

לָמָּהּ : vir watter doel.

B-D • **ἵνα τί** (oft. written separately; for ἵνα τί γένηται; 'to what end?' B-D-F §12, 3; W-S. §5, 7e; Rob. 739) **why, for what reason?**

L-S 3. elliptical usages, ... c. ἵ. τί (γένηται); *to what end?* either or as a question, *Ec.* 719; or with a Verb following, *Id. Pax* 409, *Pl Ap.* 26c, °tc. ; ἵ. δὴ τί; *Ar. Nu.* 1192.

LEH - *to what end, why* \_

etc

etc. = et cetera (i.e. in other authors)

שׂגְוֹן conspire, plot (TWOT), to be restless (HALOT) be in tumult or commotion, **Qal Pf.** 3 pl. [Psalm 2:1](#) שׂגְוֹן why do the nations *throng tumultuously* ?

φρυάττω

LEH to rage

EDNT **puff up; be proud/arrogant\*** [Acts 4:25](#) (citing [Ps 2:1](#) LXX): ἵνατί ἐφρύαξαν ἔθνη, "why *did* the nations *rage*"

BDAG fig., of people **be arrogant, haughty, insolent** (Acts 4:25)

VGNT From denoting the "vehement neighing" of horses, this verb came to be used of the "haughtiness" or "insolence" of men (cf. "prancing proconsuls"), as in [Ac 4: 25](#) from [Ps 2:1](#).

In **Handelinge 4:24-26** word gesê dat **God** ('n ander tekslesing het "God *deur die Heilige Gees*") in Ps.2 *deur die mond van Dawid* gespreek het. Wat in Ps.2:1-2 gesê word van **die opstand van die konings van die aarde teen die HERE en sy Gesalfde**, word dan deur die Skrywer van Handelinge (en van Psalm 2), die Heilige Gees, soos volg uitgelê: "Herodes en Pontius Pilatus het saam met heidene en die volke van Israel vergader teen u heilige Kind Jesus wat U gesalf het" (**Handelinge 4:27**). Die Heilige Gees, wat self die Skrywer van Psalm 2 is, leer dat die **Gesalfde** van Psalm 2 niemand anders as die heilige Kind Jesus, as ons Here Jesus Christus, is nie. Onder andere hier in Handelinge 4 laat die Heilige Gees ons ook sien wat bedoel word met **die konings van die aarde**, wat in opstand kom teen Christus.

**Handelinge 4:24-30** is 'n gebed met **Ps.2:1-2 as inhoud**. As antwoord op hierdie gebed "is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek" (v.31). Dit is veelseggend. Die Koning en Gesalfde van Psalm 2 handel in Handelinge 4: **Die Koning van Ps.2 laat die aarde bewe** en die Gesalfde van Psalm 2 salf sy kerk met sy Heilige Gees.

**Die konings van die aarde**, wat in opstand kom teen die Messias, kom ook telkens weer terug in tekste soos **Openbaring 6:15 en 19**. Ook in Openbaring 6 hoor ons van 'n **aardbewing** (v.12) en die konings van die aarde het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam (vv.15-16), vir die toorn van die Seun van Ps.2:12. Hulle wou nie by die Seun skuil nie (Ps.2:12) en nou soek hulle skuiling teen sy toorn deur hulle weg te steek in die spelonke en rotse van die berge.

Wie sy Bybel ken – en met name Handelinge 4 en Openbaring 6 – weet by die sing van Psalm 2: Dit gaan in Psalm 2:1-2 ten diepste oor hierdie konings en dié Koning, die Here Jesus Christus, teen Wie hulle in opstand kom.

Die woord *woel* het ook die betekenis van *op die tande kners*. Die Jode het teen Stefanus op die tande gekners: "En toe hulle dit hoor, was hulle woedend in hul harte en het teen hom op die tande gekners" (Hand.7:54).

### 2.2.2. Vers 2

**Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad / teen die HERE en teen sy Gesalfde en sê:**

Joh 15:23 Wie my haat, haat ook my Vader. 24 As Ek nie die werke onder hulle gedoen het wat niemand anders gedoen het nie, sou hulle geen sonde hê nie. Maar nou het hulle dit gesien, en tog het hulle *My sowel as my Vader gehaat*.

### 2.2.2. Vers 3

**Laat ons hulle bande stukkend ruk / en hulle toue van ons afwerp!**

*Henry*: Hier word vir ons gesê waarop hulle so vertoornd is en wat hulle met hulle teenstand beoog.

2.2.2.1 **Bande** = מוֹסְרָה van die stam יָסַר. 'n Verwante woord מוֹסֵר word vertaal met "onderwysing". Ons kan ook vertaal: "lering" (Neem my juk op julle en leer van my ... Matt 11:29-30 ... 2.2.2.2).

Vgl. die "laat ons hulle bande stukkend ruk" van v.3 met v.10 se "laat julle waarsku, o regters van die aarde!" Die "waarsku" (הוֹסֵר) van v.10 kan ook vertaal word met "laat jou onderwys" en is net soos מוֹסְרָה van v.3 van die stam יָסַר.

Vers 3 en vers 10 sluit by mekaar aan. Vgl.2.1.3. oor die struktuur (Donner).

2.2.2.2. Matt 11:29-30 Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; 30 want my juk is sag en my las is lig.

Interessant die kombinasie "neem my juk op julle" en "leer van My": juk en leer.

Hendriksen (Matt.p.504): In die Joodse literatuur staan "juk" vir die somtotaal van verpligtings wat 'n persoon volgens *die leer* van die rabbi's op hom moes neem. Hierdie definisie verklaar sulke terme soos "die juk van die Torah", "die juk van die gebooie", "die juk van die koninkryk van die hemele", ens. Dit gaan oor die juk van wettisisme, 'n sisteem van *lering*, wat saligheid deur streng gehoorsaamheid aan 'n massa wette benadruk.



### 2.2.2.3. NGB Art.29

“Wat die valse kerk betref: Dit skryf aan homself en sy besluit meer mag en gesag toe as aan die Woord van God; dit wil homself nie aan *die juk van Christus* onderwerp nie; dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in sy Woord beveel het nie, maar neem weg en voeg by na eie goëddunke; dit vertrou meer op mense as op Christus en dit vervolg hulle wat volgens die Woord van God heilig lewe en wat die valse kerk oor sy ewels, gierigheid en afgodery bestraf.”

Die Woord van God is hier dieselfde as die juk van Christus.

Interessant: Christus (Messias).

2.2.2.4. Die beeld van ’n juk is redelik algemeen in die Septuagint.

- Dit staan vir vreemde heerskappy (Deut 28:48; Jes 10:27).
- Dit staan vir God se heerskappy

Mense wil sy juk verbreek (Jer 2:20: Want van ouds af het jy jou juk verbreek, jou stroppe stukkend geruk. En jy het gesê: Ek sal nie dien nie; want op elke hoë heuwel en onder elke groen boom gaan jy lê om te hoereer. Jer 5:5: Laat ek na die grotes gaan en met hulle spreek, want hulle ken die weg van die Here, die reg van hulle God. Maar hulle het almal saam die juk verbreek, die stroppe stukkend geruk.)

## 2.3. Vers 4-6

### 2.3.1. Vers 4

**Hy wat in die hemel woon, lag; / die Here spot met hulle.**

**Hemel** (v 4) teenoor **aarde** (v 2) – kontras.

... onse Vader wat in die hemel is ...!

### 2.3.2. Vers 5

**Dan sal Hy hulle aanspreek in sy toorn, / en in sy grimmigheid sal Hy hulle verskrik:**

In die verdere verloop van Ps.2 (vgl. vv.9, 12) kom hierdie toorn en toornopenbaring van v.5 weer ter sprake.

### 2.3.3. Vers 6

**Ek tog het my Koning gesalf / oor Sion, my heilige berg.**

## 2.4. Vers 7-9

### 2.4.1. Vers 7

**Ek wil vertel van die besluit: / Die HERE het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegeneer.**

#### 2.4.1.1. Ek wil vertel van die besluit

Hierdie woorde is nie onbelangrik of niksseggend nie. Inteendeel, die **Ek** is Christus. Immers, sonder Hom weet ons heeltemal niks van die Vader en sy raadsbesluite nie. Hy het die Vader aan ons geopenbaar. Dit leer Johannes 1:18: Niemand het ooit God gesien nie; **die eniggebore Seun** wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar).

In die Nuwe Testament brei Jesus uit op hierdie **besluit** van Psalm 2:7. Daar **vertel** Hy meer daarvan.

**Ek wil vertel van die besluit** - dit is diep woorde hierdie. Christus is ons hoogste Profeet, wat die verborge raad (**besluit**) van God oor ons verlossing openbaar. Alreeds in die Ou Testament is Hy ons hoogste Profeet en dus ook hier in Psalm 2.

#### 2.4.1.2. U is my Seun

2.4.1.2.1. Van Bruggen (1981:128) wys daarop dat die HERE van Salomo en die ander konings in **2 Samuel 7:14** sê: Hy (Salomo) sal vir My **tot** (Hebreeus die woord *l-e*) 'n seun wees (letterlik uit die Hebreeus). Daarenteen staan hierdie **tot** (Hebreeus *l-e*) nie in Psalm 2:7 nie. In Psalm 2:7 staan in die Hebreeus: U **is** my Seun. Hierdie onderskeid in formulering (**is** in plaas van **tot**) kom ook duidelik uit in die Griekse vertaling van die Ou Testament, die Septuagint.

Waaroor gaan dit? Wat is die verskil tussen hierdie twee tekste? Die belofte aan die huis van Dawid is duidelik geformuleer vanuit die adopsieterminologie, maar die profesie in Psalm 2 vanuit die verwekkingsterminologie, aldus Van Bruggen (1981:128). In **2 Samuel 7** gaan dit oor **kind-wees deur aanneming (adopsie)**. In **Psalm 2:7** verklaar die HERE egter: U **is** my Seun. Hy **is** dit werklik, wesenlik, van nature.

2.4.1.2.2. In **Matteus 16:16** sê Petrus vir Jesus: "U is die Christus, die Seun van die lewende God".

Van Selms (1952:54) skryf: Ons moet hierdie woord (van Matt.16:16, die "Seun van ..." – AHB) net soos die hele Nuwe Testament, al is dit in Grieks geskryf, nie Grieks nie, maar Semities, maar Hebreeus en Ou Testamenties verstaan.

In die Hebreeuse taal word die uitdrukking "seun van ..." gebruik om wesenlike identiteit vas te stel. Psalm 72 begin met die woorde: "o God, gee aan die koning u regte en u geregtigheid aan die seun van die koning". Die parallellisme bewys dat die "koning" en "die seun van die koning" een en dieselfde persoon is. 'n Tipiese voorbeeld van dieselfde vind ons in die Nuwe Testament en met name in Matteus 13:55 en Markus 6:3. Volgens Matteus sê die inwoners van Nasaret by die aanhoor van die prediking van Jesus: Is Hy nie die seun van die timmerman nie? Die parallel by Markus lui: Is Hy nie die timmerman nie? Die uitspraak van Matteus en Markus sê dieselfde: Die seun van die timmerman is die timmerman, soos die seun van die koning die koning is .... Wat iemand is, word bepaal deur sy vader te noem. In die geskiedenis van Saul word 'n groep derwijsje/profete veragtelik gekenskets deur te vra: Wie is tog hulle vader? Mense wie se vader onbekend is, is persone sonder stand of betekenis.

Wanneer Petrus bely: "U is die Seun van die lewende God" dan maak hy dus geen onderskeid tussen die Christus en die God van Israel nie, maar stel juis die identiteit tussen die twee. Christus is God.

2.4.1.2.3. Daar moet nog meer oor die evangelie volgens Matteus gesê word in verband met ons teks. **Matteus 16:16-18** sal weer onder oë kom en ook **Matteus 26:63-64** gewys.

In **Matteus 16:16** bely Petrus: "U is die Christus, die Seun van die lewende God". Dit is 'n belydenis ontleen aan onder andere Psalm 2. *Christus* beteken immers *Gesalfde* (Ps.2:2) en in die benaming *Seun van die lewende God* hoor ons die Naam *HERE* van Psalm 2:7 (*Die HERE* het aan my gesê: U is my Seun") terug. Immers, met die uitdrukking "lewende God" word in die Ou Testament (vgl. o.a. 2 Kon.19:16) die *HERE* (Jahwe) bedoel.

Jesus se antwoord aan Petrus is: "Salig is jy ..." (v.17). Dit is die *salig* van Psalm 2:12.

Waar kom Petrus aan hierdie belydenis? Dit sê Jesus: "Vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is". Die Vader self maak Psalm 2 aan Petrus duidelik en laat die verband tussen daardie Psalm en Jesus sien. Die Vader self verklaar Psalm 2 Messiaans, van Christus.

Verder sê Jesus (Matt.16:18) in verband met Petrus se op Psalm 2 gegronde belydenis: Op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. 'n Kerk wat by hierdie Christus-belydenis staan, is veilig – *Welgeluksalig is elkeen wat by Hom skuil* (Ps.2:12).

'n Paar hoofstukke later (Matt. 26:63) sê die hoëpriester vir Jesus: "Ek besweer U by die lewende God dat U vir ons sê of U die Christus, die Seun van God, is?" Daarop antwoord Jesus bevestigend: "U het dit gesê".

2.4.1.2.4. Ook die Johannes-evangelie is van kardinale belang in verband met Psalm 2: Ons sou die **Johannes-evangelie** met goeie reg **die Psalm 2-evangelie** kon noem.

In **Johannes 1:32-33** getuig Johannes die Doper van Jesus se doop (salwing) met die Heilige Gees en dan sê hy: "En ek het gesien en getuig dat Hy die Seun van God is" (v.34).

Net na Jesus se doop sê Natanael vir Jesus: "Rabbi, U is die Seun van God, U is die Koning van Israel!" (Joh.1:50). Weer val twee titels uit Psalm 2: Seun van God en Koning.

In Johannes 5:15 word vertel dat die Jode "toe nog meer probeer om Hom dood te maak, omdat Hy nie alleen die sabbat gebreek het nie, maar ook **God sy eie Vader genoem** het en Hom **met God gelykgestel** het". In Johannes 10:36 sê Jesus vir die Jode: "Sê julle vir Hom wat die Vader geheilig en in die wêreld gestuur het: U spreek godslanderlik—omdat Ek gesê het: **Ek is die Seun van God?**"

In die woorde van **Johannes 20:30-31** word die doel van die ganse Johannes-evangelie saamgevat, ingelui deur die woord sodat: Hierdie tekens is beskrywe "sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam". Opvallend is dat ons in Johannes 20:30-31 dan te make het met twee titels uit Psalm 2, naamlik **Christus** en **Seun van God**. Ons kan dus sê: Johannes wil sy lesers oortuig dat Jesus die Christus en Seun van God van Psalm 2 is.

Dat die **Johannes-evangelie** met goeie reg **die Psalm 2-evangelie** genoem kan word, is duidelik. Dit word eweneens onderstreep uit 'n ander geskrif van Johannes, naamlik Openbaring. Daarin word op verskillende plekke teruggegryp op Psalm 2 (vgl. 2.5 en 2.6).

#### 2.4.1.3. Vandag het Ek self U gegeneer

2.4.1.3.1. Die frases **U is my Seun** en **Vandag het Ek self U gegeneer** is nie identies nie.

Die **vandag** wys alreeds dat die 2 sinsdele nie presies dieselfde sê nie, want die woord **vandag** kom nie in die eerste lid voor nie. Die **Vandag het Ek self U gegeneer** brei dus uit op die **U is my Seun** (in Hebreeus word dit 'n aanvullende parallelisme genoem).

Daarom kan die **Vandag het Ek self U gegeneer** nie sommer so weggelaat word nie.

2.4.1.3.2. Van die woorde **Vandag het Ek self U gegeneer (verwek)** moet gesê word:

Dit word **nooit in die Ou Testament** van 'n **aardse koning** (Dawid, ens.) gesê nie.

2.4.1.3.3. Vandag het Ek self U gegeneer (verwek).

Dit word **nooit** van 'n **aardse koning** gesê nie.

Dit word egter **wel van Jesus** gesê – in Matteus.

**Matteus** skrywe vir Jode. Hy wil aan sy Joodse lesers bewys: Jesus is die lank verwagte Christus, die Seun van Dawid, die Seun van God.

In sy geslagsregister bewys **Matteus** dit dat Jesus die *Seun van God* is. Hy is *verwek deur God self*. In die geval van Jesus is daar geen sprake van adopsie nie, maar van verwekking deur die Heilige Gees.

In Matteus 1: 2e.v. word verklaar: Abraham - '*n mens* dus - het Isak *verwek* {volgens die Grieks}.... ens. Telkens, tot in vers 16, word vertel van 'n mens wat 'n mens verwek.

In vers 20 egter lees ons egter: Wat in Maria *verwek* is, is uit *die Heilige Gees*, d.w.s. uit God en pertinent nie uit 'n mens nie. En gevolglik, daarom: "En dit het alles gebeur, sodat die woord vervul sou word wat die Here deur die profeet gespreek het: 23 Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem, dit is, as dit vertaal word: **God met ons**" (vv.22-23).

Ridderbos (1970:27) wys daarop dat Josef, dit wil sê Dawid se huis en geslag, op die beslissende oomblik uitgeskakel word. Dié lyn kan die Messias nie voortbring nie. Christus moet aan Abraham en Dawid (deur God) gegee word in die volle sin van die woord, buite die natuurlike voortsetting of medewerking van Dawid se geslag om. Josef se stamboom is dus wel deeglik bedoel as Jesus se stamboom. Jesus se inplanting in en aansluiting aan Dawid se geslag word egter nie deur Josef nie, maar *deur God self* tot stand gebring.

Die benadrukte *Ek self* (vandag het Ek self U gegeneer), gegrond in die Hebreuse grondteks, word nader verklaar en bevestig deur wat ons in Matteus lees.

Ons moet dit ook so sê:

- Ons **verlossing** is nie ons werk nie, maar ook: die **koms** van die Verlosser is eweneens nie mensewerk nie maar "*Ek self* het U gegeneer".

Of meer teologies gesê:

- In die verlossing is die mens nie alleen *heilsordelik* totaal en al afhanklik van God nie, maar ook *openbaringshistories* is ons verlossing van begin tot einde net God se werk. Die *Verlosser* kom van bo-af.

2.4.1.3.4. In **Handelinge 13:32-33** pas die Heilige Gees self Psalm 2:7 op Christus en sy opstanding toe. Die Heilige Gees leer ons om hierdie woorde Messiaans te verstaan. Die Heilige Gees leer ons om in die opwekking van Jesus 'n vervulling van die *vandag het Ek self U gegeneer* te sien.

Net soos in Ps.2:7 (*Ek self*) word hier ook God se werk benadruk en Ps.2:7 se *Ek self* verklaar: "En ons bring julle die goeie tyding van die belofte wat aan die vaders gedoen is, **dat God** dit aan ons, hulle kinders, vervul het deur *Jesus op te wek*" (v.32). En dan word daarby gevoeg: "soos daar ook in die tweede psalm geskrywe is: U is my Seun, vandag het *Ek* (die Ek word benadruk in die Grieks – AHB) U gegeneer" (v.33).

Hoe die **vandag** van Psalm 2:7 verstaan moet word, leer Paulus in Handeling 13:33 (vgl. ook Rom.1:4): **Vandag** is die opstandingsdag van Christus, die aanvaarding van sy ewige koningskap oor die nasies (vgl. Op.11:15; 12:10).

2.4.1.3.5. **Romeine 1:4** is hier eweneens van toepassing. "en na die Gees van heiligheid met krag verklaar is as die Seun van God deur die opstanding uit die dode, Jesus Christus, onse Here".

In hierdie vers hoor u Ps.2 terug, want Paulus praat van die **Seun van God** en Jesus **Christus**, ons **Here**. En dan lê die apostel weereens, soos in Handeling 13, 'n verband tussen Jesus se opstanding en hierdie Psalm.

#### 2.4.1.4. Die Aangesprokene in Psalm 2

Wé is die Aangesprokene in Psalm 2?

Hebreërs laat ons nie daarvoor in die duister nie:

- **Hebreërs 1:5**: "Want aan wie van die engele het Hy ooit gesê: U is my Seun, vandag het Ek U gegeneer?"
- **Hebreërs 5:5**: "So het Christus ook Homself nie verheerlik om Hoëpriester te word nie, maar Hy het Hom verheerlik wat **vir Hom gesê** het: U is my Seun, vandag het Ek U gegeneer". Psalm 2:7 word so toegepas dat daar geen twyfel kan bestaan nie: dat dit wat in Psalm 2:7 **vir Hom gesê** is.

Christus is die Aangesprokene!

#### 2.4.1.5. Psalm 2 'n profesie, 'n belofte, 'n evangelie – aan die vaders!

2.4.1.5.1. In **Handeling 2:30-31** sê die Heilige Gees: Dawid was 'n **profeet** was en hy het **geweet** dat God met 'n eed aan hom belowe het dat een van sy nakomelinge op sy troon sou sit. Daarom het hy die **opstanding** van die Christus **vooruit gesien**.

Dit is in die lig van hierdie verse so duidelik as wat maar kan kom dat Dawid in Psalm 2 meer bedoel het as maar net 'n aardse koning. Daarby moet die vraag gestel word: Sou hy, die profeet Dawid, dit wel weet, maar sy hoorders nie?

Daar word in die teologie nogal gepraat van eerste hoorders en hoe die eerste hoorders dit of dat sou verstaan het. Hier in Handeling 2 het ons 'n eerste hoorder: Dawid. Ons hoor ook uit die mond van die Heilige Gees wat hierdie eerste hoorder geweet en vooruit gesien het. Hy het veel meer geweet en gesien as wat hedendaagse geleerdes meen: Hy het die Christus gesien – ook in Psalm 2. Hy het sy **opstanding**, dit wil sê sy **generasie**, sy **verwekking**, aanskou.

2.4.1.5.2. Na Pinkster gaan die Heilige Gees die wêreld in en oor die wêreld heen verkondig Hy Christus – aan die hand van die Psalms. Paulus se Preek ('n Preek geïnspireer deur die Heilige Gees) in **Handelinge 13** is 'n voorbeeld daarvan. Ook in hierdie Preek (net soos in die een in Handelinge 2) kry ons 'n aaneenskakeling van Psalms, Psalms wat almal net een Noot op hulle snaar het: Christus, Christus, Christus. Vers 32-33 se aanhaling van Psalm 2:7 is hier van toepassing: "En ons bring julle die goeie tyding van die belofte wat aan die vaders gedoen is, dat God dit aan ons, hulle kinders, vervul het deur Jesus op te wek, soos daar ook in die tweede psalm geskrywe is: U is my Seun, vandag het Ek U gegeneer (verwek)".

Die Heilige Gees self pas Psalm 2:7 in Handelinge 13 op Christus toe. Hy leer ons om hierdie woorde Messiaans te verstaan. Die Heilige Gees leer ons om in die opwekking van Jesus 'n vervulling van Ps.2:7 te sien.

Die Heilige Gees self beskryf Psalm 2:7 in Handelinge 13 boonop as 'n **belofte wat aan die vaders gedoen is**. Die woorde van Ps.2:7 was nie maar net 'n beskrywing van wat gebeur het die dag wanneer 'n koning die troon bestyg het nie. Inteendeel,

- in Psalm 2 het 'n **belofte** opgesluit gelê en
- pertinent word dit 'n belofte **aan die vaders** (die sogenaamde eerste hoorders) genoem. As die eerste hoorders niks daarvan begryp het nie, watter sin het so 'n belofte dan?

Daarom moet ons sê: Die belofte van die opwekking van Christus – dit is reeds aan die vaders gegee, aan die eerste hoorders van die Psalms. Christus is nie eers later, in die tyd van die Nuwe Testament, aan die Psalms bygeplak of bygevoeg soos die "nuwe navorsing" en 2001-omdigting leer nie. As dít wat die "nuwe navorsing" (op wie Cloete hom beroep) leer, die geval sou gewees het, kan ons tog nie van 'n **belofte**, 'n belofte wat eeue tevore aan die vaders gedoen is, praat nie? As die Christus-verklaring (die toepassing op Christus) eers later bygevoeg is deur die skrywers van die Nuwe Testament – dan was Christus nie in Psalm 2 belowe nie. Dan is Handelinge 13 onwaar.

2.4.1.5.3. **Romeine 1:1-4** is nog 'n belangrike Skrifgedeelte, waarin ons Psalm 2 terugvind.

Veral vers 4 is belangrik. Paulus skryf inleidend dat hy nie met 'n nuwe evangelie kom nie, maar met die evangelie van God (v.1) wat Hy **tevore beloof** het **deur sy profete in die heilige Skrifte** (v.2). In verse 3 en 4 gee hy samevattend die inhoud van hierdie evangelie wat – let wel - reeds in die Ou Testament beloof is: Dit is die evangelie aangaande sy Seun wat gebore is na die vlees uit die geslag van Dawid (v.3) en na die Gees van heiligheid met krag verklaar is as die Seun van God deur die opstanding uit die dode, Jesus Christus, onse Here (v.4).

In hierdie laaste vers hoor u Psalm 2 terug, want Paulus praat van die **Seun van God** en Jesus **Christus**, ons **Here**. En dan lê die apostel weereens, soos in Handeling 13, 'n verband tussen Jesus se opstanding en hierdie Psalm.

Die **evangelie** van vers 1 en die **beloof** van vers 2 slaan duidelik ook op Psalm 2.

#### 2.4.1.6. Christus se Godheid deur Hebreërs bewys met Ps.2

In **Hebreërs 1** word 'n hele rits van tekste aangehaal om spesifiek die **Godheid** van Jesus te bewys en - een van daardie tekste is juis Psalm 2:7. Hebreërs 1 leer ons dat Psalm 2:7 ons die ware Godheid van Christus leer.

Veral Hebeërs 1:10 is besonder insiggewend, want daar word Ps.102 op Jesus toegepas en van Hom gesê: U, o Here, het in die begin die aarde gegrondves en die hemele is werke van u hande (vgl. Ps.102: 25: My God, sê ek, neem my nie weg in die helfte van my dae nie-u jare is van geslag tot geslag! 26 In die voortyd het U die aarde gegrondves, en die hemele is die werk van u hande). Christus word uitdruklik **God** genoem.

#### 2.4.2. Vers 8

**Eis (vra) van my, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting.**

Wie het meer reg om dit te eis as Christus?

In Johannes 17:4,5 lees ons: "Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring. En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlijkheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was". Op grond van sy volbragte werk eis Hy van die Vader: Verheerlik my. Sy werk hier op aarde is die regsgrond van sy eis.

Watter aardse koning kon dit eis, het enige gronde vir so eis gehad?

Van Christus word in Hebreërs 1:1-2 dat Hy die **Seun** is, wat God as **erfgenaam** van alles aangestel het.

אֶפְסֵי־אָרֶץ eindes van die aarde

AFR Deuteronomy 33:17 Sy eersgebore stier -- heerlijkheid is syne, en sy horings is buffelhorings; daarmee sal hy die volke stoot, die **eindes van die aarde** almal saam. En dit is die tien duisende van Efraim, en dit is die duisende van Manasse!

AFR 1 Samuel 2:10 Die wat met die HERE twis, word verpletter; oor hulle donder Hy in die hemel; die HERE oordeel die **eindes van die aarde**, en Hy gee sterkte aan sy koning en verhef die horing van sy gesalfde.



AFR Job 28:24 Want Hy sien tot by die *eindes van die aarde*; alles wat onder die hemel is, aanskou Hy.

AFR Job 37:3 Onder die ganse hemel laat Hy dit los en sy lig oor die *eindes van die aarde*.

AFR Psalm 2:8 Eis van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die *eindes van die aarde* as u besitting.

AFR Psalm 22:27 (22:28) Al die *eindes van die aarde* sal daaraan dink en hulle tot die HERE bekeer, en al die geslagte van die nasies sal voor u aangesig aanbid.

AFR Psalm 48:10 (48:11) Soos u Naam, o God, so is u roem tot die *eindes van die aarde* toe; u regterhand is vol geregtigheid.

AFR Psalm 59:13 (59:14) Vernietig hulle in grimmigheid, vernietig hulle, sodat hulle daar nie meer is nie; en laat hulle weet dat God heers in Jakob, tot by die *eindes van die aarde*! Sela.

AFR Psalm 65:5 (65:6) Vreeslike dinge antwoord U ons in geregtigheid, o God van ons heil, vertrou van al die *eindes van die aarde* en van die verste see!

AFR Psalm 67:7 (67:8) God sal ons seën, en al die *eindes van die aarde* sal Hom vrees.

AFR Psalm 72:8 En hy sal heers van see tot see en van die Rivier tot by die *eindes van die aarde*.

AFR Psalm 98:3 Hy het gedink aan sy goedertierenheid en sy trou aan die huis van Israel; al die *eindes van die aarde* het die heil van onse God gesien.

AFR Proverbs 30:4 Wie het na die hemel opgeklim en neergedaal? Wie het die wind in sy vuiste versamel? Wie het die waters in 'n kleed saamgebind? Wie het al die *eindes van die aarde* vasgestel? Hoe is sy Naam? En hoe is die Naam van sy Seun -- as jy dit weet?

AFR Isaiah 40:28 Weet jy dit nie? Of het jy dit nie gehoor nie? 'n Ewige God is die HERE, Skepper van die *eindes van die aarde*; Hy word nie moeg of mat nie; daar is geen deurgronding van sy verstand nie.

AFR Isaiah 41:5 Die eilande het dit gesien en gevrees, die *eindes van die aarde* het gebewe; hulle het nader gekom en toegestroom.

AFR Isaiah 41: 9 jy, wat Ek gegryp het van die *eindes van die aarde* en van sy uithoeke geroep het, en Ek het aan jou gesê: Jy is my kneg; jou het Ek uitverkies en jou nie verwerp nie.

AFR Isaiah 45:22 Wend julle tot My en laat julle red, alle *eindes van die aarde*! Want Ek is God, en daar is geen ander nie.

AFR Isaiah 52:10 Die HERE het sy heilige arm ontbloot voor die oë van al die nasies, en al die *eindes van die aarde* sal sien die heil van onse God.

AFR Jeremiah 16:19 o HERE, my sterkte en my beskutting en my toevlug in die dag van benoudheid, tot U sal volke van die *eindes van die aarde* af kom en sê: Net leuens het ons vaders geêrwe, nietige afgode, en daaronder was niks wat voordeel kon bring nie.

AFR Micah 5:4 (5:3) En Hy sal optree en hulle laat wei in die sterkte van die HERE, in die majesteit van die Naam van die HERE sy God; en hulle sal rustig woon, want nou sal Hy groot wees tot aan die *eindes van die aarde*.

AFR Zechariah 9:10 En Ek sal die strydwaens uit Efraim en die perde uit Jerusalem uitroei, en die strydboog sal vernietig word. Dan sal Hy aan die nasies vrede verkondig, en sy heerskappy sal wees van see tot see, en van die Eufraat tot aan die *eindes van die aarde*.

AFR Matthew 12:42 Die koningin van die Suide sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel; want sy het gekom van die *eindes van die aarde* af om die wysheid van Salomo te hoor, en -- meer as Salomo is hier!

AFR Luke 11:31 Die koningin van die Suide sal in die oordeel opstaan saam met die manne van hierdie geslag en hulle veroordeel; want sy het gekom van die *eindes van die aarde* af om die wysheid van Salomo te hoor, en -- meer as Salomo is hier!

Openb. 11:15 En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van *onse Here* geword *en van sy Christus*, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid. .... Ps 2!

Openb. 11:18 En die nasies was vertoornd, *en u toorn het gekom* en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf. ... Ps 2!

### 2.4.3. Vers 9

**U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf, / U sal hulle stukkend slaan soos 'n erdepot.**

Dat Christus die Koning is van vers 9, wat sy vyande soos 'n pottbakkersvat verbrysel en hulle met sy ystersepter regeer, is sonder meer duidelik uit 'n teks soos **Openbaring 2:26-27** ("En hy sal hulle *regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het*"). Ook op ander plekke in Openbaring word gepraat van Christus wat met 'n ystersepter of –staf (12:5; 19:15) regeer.

- Openb 12:5 En sy het 'n manlike kind gebaar, wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon.
- Openb 19:15 En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige.

טַבַּשׁ = staf, septer

LXE Psalm 2:9 Thou shalt <1> rule them with a rod of iron; thou shalt dash them in pieces as a potter's vessel. {1) Gr. tend them as a shepherd; Re 2:27}

Grieks = ποιμαίνω optree as 'n herder (Op.2:27; 12:5)

ῥάβδος = staf ; σιδηροῦς = yster

### Vv 8-9 toegepas op die kerk:

Openb.2:26: En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, 27 en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het.

Christus is die Koning van Psalm 2 (Openb.12:5), wat sy vyande sal stukkend slaan soos 'n erdepot en hulle sal regeer met 'n ysterstaf. Vir sy kerk is 'n derglike heerskappy weggeleê (Openb 20:4,6; 22:5; 5:10). Soos Christus alle mag het, so ontvang die gemeente ook koninklike volmag. Die van die dier (Openb 13:4) sal verdwyn, terwyl die van die wêreld kom.

- Openb 5:9 Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, 10 en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, ***en ons sal as konings op die aarde heers.***
- Openb 20:4 En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. 6 Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en ***sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.***
- Openb 22:5 En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig; en hulle ***sal as konings regeer tot in alle ewigheid.***

Gen 22:17: "... en jou nageslag sal die poort van sy vyande in besit neem."

## 2.5. Vers 10-12

### 2.5.1. Vers 10

**Wees dan nou verstandig, o konings; / laat julle waarsku, o regters van die aarde!**

- ... dan nou ...

וְעַתָּה = nou dan (wees ...)

- Wees verstandig ...

הַשְׂכִּילוּ = wysheid! Van שָׂכַל. Hi.impt. Om wysheid/insig te hê

- ... laat julle waarsku ...

הִוְסְרוּ = יסר nif. impt. Koehler: to let oneself be instructed. (LXX = παιδεύθητε = accept discipline).

In vers 3 sê die konings: **Laat ons hulle bande stukkend ruk**. In vers 10 word die konings tot die *teenoorgestelde* opgeroep: Laat julle onderrig. In vers 3 het hulle die dwang afgewerp, wat bedoel was om hulle op die regte pad te hou; in vers 10 word hulle aangemoedig om hulleself toe te laat om op die regte pad gehou te word.

Pad = juk ... bedoeling van 'n juk

Vergelyk Matt 11:29 Neem my **juk** op julle en **leer** (μαθητεύω) van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; 30 want my juk is sag en my las is lig.

### 2.5.2. Vers 11

**Dien die HERE met vrees, / en juig met bewing.**

עָבַד = “dien”, staan teenoor v 3 “Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp!”

### 2.5.3. Vers 12: Seun

**Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam. / Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil!**

#### 2.5.3.1. Seun op tekskritiese gronde weggelaat

Die **Seun** van v.12 is wegvtaal in die 1983-vertaling en weggedig in die 2001-omdigting.

Die rede daarvoor is dat verskeie kommentare (vgl. ook die 1983-vertaling) geen raad weet met die feit dat nie die Hebreeuse nie, maar die Aramese woord vir **Seun** gebruik word.

- **HF van Rooy** skryf in *Die Kerkblad*: Die 1983-vertaling se weglating van Seun berus op goeie tekskritiese gronde. In 'n wetenskaplike artikel in die HTS sê hy: "In vers 12 is op voet van die voorstel in die *Biblia Hebraica Stuttgartensia* 'n ander lesing aanvaar om die tekskritiese probleem in die vers op te los, waardeur die problematiese frase 'Kus die Seun' met sy Aramese woord vir 'seun' weggeval het".
- **WS Prinsloo** (2000:13) se gedagtes gaan in dieselfde rigting.

#### 2.5.3.2. Argumente teen die sogenaamde tekskritiese gronde

2.5.3.2.1 Daar is geen Hebreeuse manuskrip waarin iets anders as **bar** staan nie. Ook die Aleppo Kodeks (JERUSALEM CROWN : 2004) het dit.

2.5.3.2.2 Die Aramese woord vir seun kom ook in Spreuke 31:2 voor.

2.5.3.2.3 Ook "woel" in v.1 en "verpletter" in v.9 is 'n Aramese leenwoorde. Daar word dus meermale van Aramese woorde in Ps.2 gebruik gemaak.

Verskeie vooraanstaande wetenskaplikes wys daarop dat ons in die twee genoemde woorde Aramese leenwoorde het:

Vers 1: **Woel** - רגש

1. KOEHLER (1999:1189):

רגש: Arm. loanword, Wagner *Aramäismen* 277; MHeb. hif. to feel, notice; hitp. to come flocking, DSS (Kuhn *Konkordanz* 200) to surge, roar, rage; Sam. pa. to be aroused; JArm. pe. to be restless, roar; notice; af. to disturb, move; to sense, notice, → BArm., also for the other Arm. dialects; Tigr. *tě-räggäsa* to writhe, double up with pain (Leslau 49); Arb. *rajasa* to thunder, on which see Wagner *Aramäismen* 279.

2. HJ KRAUS:

Hy noem dit eweneens 'n Aramese woord (1972:14).

3. Theological Wordbook of the Old Testament (1999:1071)

4. Die Hebreeuse woordeboek van Brown, Driver en Briggs (2000:xiii)

Vers 9: **Verpletter** - רעע

1. KOEHLER (1999:1270):

II רעע: Arm. (Wagner *Aramäismen* 288) equivalent to Heb. רציץ; → רעץ; MHeb. DSS (Kuhn *Konkordanz* 207); JArm. רעע; Sam. Dt 28<sub>27</sub> רעי (< רעייע) Ben-H. *Lit. Or.* 2:473b; → BArm., also for the citations from the other Arm. dialects; Tigrin. *ra'ré'e* to strike (Leslau 50).

2. HJ KRAUS:

Hy noem dit ook 'n Aramese woord (1972:p.14).

3. Die woordeboek van Gesenius (2003:775)

2.5.3.2.4 Verder kan op die kommentaar van die volgende twee hoog aangeskrewe Ou Testamentici gewys word:

- Peter C. Craigie (1983:64) skryf: Is die feit dat die Aramese woord vir seun gebruik noodwendig 'n groot probleem in 'n Psalm wat moontlik een of ander tyd tydens die monargie gedateer kan word? Dit hoef nie 'n probleem te wees nie; dit is bekend dat Aramees al sedert ten minste die negende eeu voor Christus wyd in gebruik was in Sirië-Palestina. Dit is ook nie onmoontlik dat dit vroeër alreeds gebruik kon gewees het nie. Verder moet gelet word op die konteks van vv.11-12: Die woorde is geadresseer aan buitelandse (Aramese?) nasies en konings, terwyl die Hebreeuse woord vir seun in v.7 gebruik word deur God om die koning aan te spreek. Dit is moontlik dat die digter doelbewus 'n leenwoord in v.12 gebruik, om sy intensie op hierdie punt te dramatiseer.
- Delitzsch (1976:97-98) wys daarop dat die Aramese woord om digterlike redes gebruik kon gewees het.

2.5.3.2.5 Ook 'n ander ou vertaling, die Siriese Peshitta, het die Aramese bar met "seun" vertaal.

2.5.3.2.6 Die TWOT (Theological Wordbook of the Old Testament, electronic ed., p.126) sê: Die argument dat die Aramese woord "bar" 'n korrupsie in die teks moet wees, omdat vers 7 die Hebreeuse woord "ben" gebruik, hou nie water nie. Dit veronderstel dat "bar" en "ben" nooit kontemporêr was nie, maar dat een altyd gebruik is met uitsluiting van die ander. Dit veronderstel te veel, gesien die aansienlike hoeveelheid onsekerhede ten opsigte van ons kennis van die verspreiding van en gebruik van Aramees.

2.5.3.2.7 Uit **Openbaring 6:16-17** kan afgelei word dat Ps.2:12 slaan op die Seun van God, want daar hoor ons van die *toorn* van die Lam (die toorn waarvan Ps.2:12 praat) en dat sy toorn gerig is teen *die konings van die aarde* (vgl. Ps.2:2).

Daarom pas die vertaling "Kus die *Seun*" absoluut hier in die verband.

2.5.3.2.8 **Psalm 2:9**, waar dit duidelik gaan oor die toorn van die Seun, maak die vertaling "Kus die Seun" heel logies, as 'n mens dit ook sien in verband met die vervolg van vers 12, waar daar gesê word "sodat Hy nie toornig word nie". Die Hy kan net die Hy van vers 9 wees – die Seun.

Die hele verband (vers 9,12) roep om die vertaling "Kus die *Seun*".

2.5.3.2.9 **1 Johannes 5:12** gryp eweneens op hierdie vers terug: "Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie".

2.5.3.2.10 Ook uit **Psalm 110** – 'n Psalm wat uitsluitlik op Christus wys - kan duidelik afgelei word dat dit in Ps.2:12 spesifiek oor *die toorn van die Seun* gaan. Daar is 'n nou verband tussen Ps.2 en Ps.110:

- **Psalm 2:12 waarsku** teen die toorn van die Seun, die Gesalfde, en **Psalm 110:5-6** laat sien hoe sy toorn *ontbrand* en dat die dag van sy toorn aanbreek.
- In **Psalm 2:12** word die *konings* gewaarsku en in **Psalm 110:5-6** word die *konings* verbrysel. Dan verpletter hy hulle met 'n ysterstaf en slaan hy hulle stukkend soos 'n erdepot, soos gedreig is in **Psalm 2:9**.

In die lig van die Nuwe Testament en gesien in verband met Psalm 110 is daar geen enkele rede om die *Seun* van Psalm 2:12 nie te behou nie. Die dag van die HERE is die dag van die toorn van sy Seun, van sy Gesalfde.

2.5.3.2.11 **Johannes 5:23,27**: Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie. ... En Hy het Hom mag gegee om ook te oordeel, omdat Hy die Seun van die mens is.

2.5.3.2.12 **Matteus 16:16-17**: En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God. Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is.

Hier is 'n teksgedeelte nie alleen van belang vir die woord Bar of Seun in vers 12 nie, maar vir die Psalm in geheel.

- Die Psalm in die geheel: Ons hoor die inhoud van Ps.2 hierin terug: Christus – Gesalfde! - is die Gesalfde, die Seun van die lewende God (So word Jahwe, die HERE, o.a. in Psalm 84:2 genoem אֱלֹהִים יְהוָה), waarvan hierdie Psalm praat en oor Petrus word die saligspreking van Ps.2 uitgespreek.
- Vers 12: Ons mag aanneem dat Petrus Aramees gepraat het: U is die Christus, die Seun (die Bar) ... En van Petrus word dieselfde bar gebruik: Simon Bar-Jona. Hy sou die bar van vers 12 wel verstaan het.

2.5.3.2.13 Kus die Seun - is dit so vreemd?

Die Aramese woord vir Seun (Kus die Seun) is vir geleerdes 'n raaisel: 'n Aramese woord in 'n Hebreeuse Psalm? Hoe kan dit dan?

- Is dit egter so vreemd? Totius gebruik in sy Psalmberyming ook Nederlandismes, woorde soos sponde, dies en skigte. Maar sê iemand vandag van daardie Psalms: Die woord sponde kan nie van Totius wees nie, want Totius was 'n Afrikaner? Sal iemand dit sê: Dit moet 'n korrupsie in die Totiusteks wees? Daar is aan die teks gepeuter, want Totius was nie 'n Nederlander nie.

2.5.3.2.14 Bar – is dit so vreemde woord in die Hebreeus van daardie tyd?

Glad nie:

- Die naam van een van Dawid se troue ondersteuners, die man wat hom tegemoet getrek het toe hy op vlug was vir Absalom, bewys die teendeel. Die man se naam was **Bar**-sellai, seun van yster. Vergelyk in hierdie verband KOEHLER (1999:156): בַּרְזֵלִי: n.m.; → בַּרְזֵל with Arm. gentilic ending (:: Beer-M. §41, 7b), “man of iron” Noth 225, Rudolph *Esr.-Neh.* 18; O’Callaghan 126<sup>5</sup>; Βερζελαῖος Josephus *Ant.* vii 9, 8 (OLZ 20:250; 21:155; 23:128f)

2.5.3.2.15 Moderne Nederlandse vertalings – van moderne geleerdes – handhaaf die vertaling "Kus die Seun":

- **Het Boek:** "Val voor Zijn Zoon op uw knieën. Kus Hem" (NB – Het Boek gebruik selfs hoofletters om aan te dui dat dit oor die Messias gaan!).
- **De Nieuwe Bijbelvertaling:** "Bewijs eer aan zijn zoon met een kus"

Ook die Nederlandse Groot Nieuws Bijbel en die Willibrord Vertaling het seun.

*2.5.3.3. Kus die Seun, die LXX, die Targum en ander ou vertalings*

2.5.3.1. Die LXX parafraseer:

δράξασθε παιδείας = Accept correction

παιδεία = teaching, discipline, instruction, correction (Lust,ea)

- Die LXX lê 'n verband tussen 10 en 12 – instruksie: παιδεύθητε = be instructed

Hupfeld meen dat ons n.a.v. δράξασθε παιδείας hier in v 12 מוֹסֵר (vgl Spr 4:13, 8:10) moet lees

2.5.3.2. Die Targum parafraseer v 12:

אולפן קבילו = Accept instruction (אולפן)



- Die Targum gee v 10 so weer:

אָקבֿילן מ'רדוּתָא = accept discipline ( van מרדוּר)

#### 2.5.3.3. Siries

#### 2.5.3.4. Vergelyk:

Stukkend ruk in v 3 (נִנְתָּקָה) teenoor kus in v 12 (נִשְׁקָה). Bande in v 3 (מוֹסְרָה)

#### 2.5.4. Die res van vers 12

**Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam. / Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil!**

##### 2.5.3.1 *Op die weg vergaan.*

Hierdie woorde is 'n sinspeling op en aansluiting by Psalm 1:6 se "die weg van die goddelose sal vergaan".

Dit is "dien" ('abad) (v 11) of "vergaan" ('abad).

##### 2.5.3.2 *Welgeluksalig.*

Welgeluksalig is meer as maar net "gelukkig": Dit hou in die gedagte van geseënd wees.

##### 2.5.3.3 *Almal wat by Hom skuil*

2.5.3.3.1. Die *almal wat by Hom* (die Seun) *skuil* onderstreep nogeens dat Psalm 2 'n Messiaanse Psalm is. In die hele Ou Testament is dit steeds God by Wie die mens skuil. Dawid se geloofsbelydenis was juis dat God 'n skild is vir almal wat by Hom skuil (Ps.18:3, 31). Alle mensekinders moet by die HERE skuil (Ps.36:8-10) (Van Bruggen ,1981:129). Vergelyk verder Ps.5:12, 7:2, 25:20, 31:2; 37:40.

Die slot van hierdie Psalm laat dus weer dink aan 'n gesalfde Seun van God, wat aan God gelyk is en aan wie die aardse koning Dawid sekerlik nie gelykgestel kan word nie (Van Bruggen ,1981:129).

2.5.3.3.2. In vers 10 is die konings van die aarde gewaarsku teen die toorn van die Seun. In vers 12 word hulle opgeroep om by Hom te skuil.

In Openbaring 6:15-17 hoor ons die vervulling van Psalm 2 en hoe die toorn van die Lam in vervulling gaan.

Dan hoor ons dat die konings van die aarde skuiling soek, maar nie by die Seun nie: "En die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?"

### 3. Ps.2:7 en 12 en ons belydenis

Die woorde **vandag het Ek self U gegeneer** (v.7) speel 'n groot rol in verskillende van ons belydenisskrifte.

#### 3.1. Nicea

"Ons glo ... in een Here Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, voor al die eeue uit die Vader **verwek/gegeneer** (genneethenta, pf.part.pass. van gennaoo): Hy is God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God, **verwek/gegeneer** (genneethenta, pf.part.pass. van gennaoo), nie gemaak nie, een in wese met die Vader ...".

#### 3.2. Athanasius

"22 die Seun is deur die Vader alleen nie gemaak of geskep nie, maar **gegeneer** (Lat.sed genitus)".

#### 3.3. NGB Art.10

In hierdie artikel, wat handel oor die Godheid van Christus, bely ons: "Ons glo dat Jesus Christus ten opsigte van sy Goddelike natuur die eniggebore Seun van God is. Hy is van ewigheid af **verwek/gegeneer** (Franse teks: engendré = genereer, verwek - AHB); Hy is nie gemaak nie en nie geskep nie, want dan sou Hy 'n skepsel wees; Hy is een wese met die Vader, ewig saam met Hom, die ewebeeld van die Persoon van die Vader, ewig saam met Hom, die heerlijkheid (Heb 1:3) en in alles aan Hom gelyk (Fil 2:6)".

Ps.2:7 word as een van die tekste aan die einde van hierdie artikel aangehaal.

Ook Ps.2:12 word aangehaal.

## 4. Dat ook Jode, wat nie in Christus geglo het nie, Psalm 2 Messiaans verklaar het

### 4.1. Dit kan uit die Bybel afgelei word

In Matteus 26:63 sê die hoëpriester vir Jesus: "Ek besweer U by die lewende God dat U vir ons sê of U die Christus, die Seun van God, is?" Hierdie woorde (Christus, die Seun van God) kom uit Psalm 2. Uit die vraag van die hoëpriester kan ons aflei dat ook die Jode wat nie in Christus geglo het nie, Psalm 2 Messiaans verklaar het. Wat hulle nié wou erken nie, was dat Jesus daardie Messias van Psalm 2 is.

Wanneer Natanael by Jesus kom, sê hy vir Jesus: "Rabbi, U is die Seun van God, U is die Koning van Israel" (Joh.1:49). Dit - Seun van God, Koning van Israel - is woorde uit Psalm 2. Waar kom Natanael daaraan om Psalm 2 Messiaans te verstaan? Die antwoord is: Die Jode in daardie tyd geglo het dat Psalm 2 Messiaans is en Natánael was bekend met hierdie beskouing. Die verskil tussen die ander Jode en Natanael is egter dat Natanael Ps.2 toepas op Jesus.

### 4.2. Dit kan uit buite-Bybelse bronne geleer word

Die Ou Testamentikus AH Edelkoort (1941:307) skryf in verband met Psalm 2 die volgende: Die Midrash op die Psalms, die Babiloniese Talmud en die Kabalistiese Joodse boek Sohar betrek almal Psalm 2 op die Messias. In dié rigting wys ook 'n Talmud-traktaat, wat Ps.2:1-3 aanhaal en daarby sê dat in die tyd van die Messias die proseliete teen God en sy Messias sal rebelleer. By vers 7 e.v. twyfel die rabbyne nie daaraan dat hierdie vers oor die Messias, die Seun van Dawid, spreek nie. Selfs Joodse geleerdes soos Kimchi (1105-1170) en Jarchi – so skryf Hengstenberg (1973:43) – erken dat dit die oorheersende opinie onder hulle voorvaders was.

Ibn Esra, skryf Rosenberg (1991:9, clxvii-clxviii), vertaal vers 12: Kus die Seun. En hy pas dit toe op die Messias. Redak daarenteen het hierdie woorde anders gaan vertaal en verklaar – met die bedoeling om die Christene nie 'n wapen in die hand te gee vir hul Messiaanse verklaring van hierdie teks nie. Hy vertaal: Wapen juis self met reinheid.

### 4.3. Beskamende gevolgtrekking

Die meeste ongelowige Jode weet dat Psalm 2 'n Messiaanse Psalm is, maar hedendaagse teoloë van die Christendom weet dit nie.

## Enkele bronne

ALEXANDER, J.A. 1977. The Psalms translated and explained. Baker Book House. Grand Rapids, Michigan. 564p.

- BEUKEN, W., e.a. 2000. Die lof van my God solank ek lewe. Medpharm Publikasies/Jean Avriille Prinsloo : Irene/Lynwood Glen. 360p.
- BIBLIA HEBRAICA STUTTGARTENSIA. 1977. Quae antea cooperantibus A.Alt, O.Eißfeldt, P.Kahle ediderat R.Kittel. Editio funditus renovata. Stuttgart : Deutsche Biblestiftung. 1574p.
- BOICE, J.M. 1994. Psalms. Volume 1. Psalms 1-41. Baker Book House. Grand Rapids, Michigan. 388p.
- BRIGGS C.A. & BRIGGS, E.G. 1916. A critical and exegetical commentary on the book of the Psalms. Vol.1. T. & T.Clark : Edinburgh. 422p.
- BROWN, F., DRIVER, S. R., & BRIGGS, C. A. (2000). Enhanced Brown-Driver-Briggs Hebrew and English Lexicon (electronic ed.). Oak Harbor, WA: Logos Research Systems.
- CALVYN, J. 1979. Het Boek der Psalmen. Eerste deel. De Groot : Goudriaan. 880p.
- CRAIGE, P.C. 1983. Word Biblical Commentary. Psalms 1-50. Word Books, Publisher : Waco, Texas. 375p.
- DAHOOD, M. 1966. Psalms 1, 1-50. The Anchor Bible. Doubleday & Company, Inc. : Garden City, New York. 329p.
- DE LAIGRE BÖHL, F.M.Th. & GEMSER, B. 1968. De Psalmen. Tekst en uitleg. Uitgeverij G.F.Callenbach : Nijkerk.
- DELITZSCH, F. Volume V. Psalms. Commentary on the Old Testament. Eerdmans : Grand Rapids, Michigan.
- DEL OLMO LETE, G. & SANMARTIN, J. 2004a. A dictionary of the Ugaritic language in alphabetic tradition. Part 1. Brill : Leiden.
- DEL OLMO LETE, G. & SANMARTIN, J. 2004b. A dictionary of the Ugaritic language in alphabetic tradition. Part 2. Brill : Leiden.
- DONNER, J.H. 1978. De Psalmen. Eerste deel – Psalm 1-72. Den Hertog's Uitgeverij. B.V. : Utrecht. 498p.
- EDELKOORT, A.H. 1941. De Christus-verwachting in het Oude Testament. H.Veenman & zonen : Wageningen. 535p.
- FEUER, A.C. 1995. Tehillim/Psalms. Vol.1. A new translation with commentary anthologized from Talmudic, Midraschic, and Rabbinic sources. Mesorah Publications, Ltd.: Brooklyn, New York. 907p.
- GESENIUS, W., & TREGELLES, S. P. (2003). Gesenius' Hebrew and Chaldee lexicon to the Old Testament Scriptures. Bellingham, WA: Logos Research Systems, Inc.
- GOLDINGAY, . Psalms

- GROSHEIDE, F.W. 1952. De Psalmen. Eerste deel. Psalm 1-70. Kok : Kampen. 192p.
- GUNKEL, H. 1968. Die Psalmen. Vandenhoeck & Ruprecht : Göttingen. 639p.
- GUNKEL, H. An introduction to the Psalms.
- HAKAM, A. 2003. The Bible. Psalms with The Jerusalem Commentary. Volume one, Psalms 1-57. Mosad Harav Kook : Jerusalem. 466p.
- HARRIS, R. L., HARRIS, R. L., ARCHER, G. L., & WALTKE, B. K. (1999, c1980). Theological Wordbook of the Old Testament (electronic ed.). Chicago: Moody Press.
- HENGSTENBERG, E.W. 1973. Christology of the Old Testament and a Commentary on the Messianic Predictions. Kregel Publications : Grand Rapids, Michigan. 699p.
- HENGSTENBERG, E.W. 197?. Commentary on the Psalms. Vol.1. Mark Publishing Company : Cherry Hill, N.J. 539p.
- HIRSCH, S.R. 1997. The Psalms. The Samson Raphael Hirsch Publications Society : Jerusalem/New York. 500p.
- HIRSCH, S.R. 1999. Etymological Dictionary of Biblical Hebrew. Based on the commentaries of Samson Raphael Hirsch. Feldheim Publishers : Jerusalem. 330p.
- HUPFELD, Die Psalmen.
- JERUSALEM CROWN. 2004. The Bible of the Hebrew University of Jerusalem. N.Ben-Zvi Printing Enterprises Ltd : Jerusalem.
- KAISAR, W.C., jr. 1995. The Messiah in the Old Testament. Zondervan Publishing House : Grand Rapids, Michigan. 256p.
- KIDNER, D. 1973. Psalms 1-72. An introduction and commentary on Books 1 and 2 of the Psalms. Inter-varisty Press : Cambridge. Tyndale Old Testament Commentaries. 257p.
- KLEIN, 1987. A Comprehensive Etymological dictionary of the Hebrew language. Carta : Jerusalem. 721p.
- KOEHLER, L., BAUMGARTNER, W., RICHARDSON, M., & STAMM, J. J. (1999, c1994-1996). The Hebrew and Aramaic lexicon of the Old Testament (electronic ed.). Leiden; New York: E.J. Brill.
- KRAUS, H-J. 1972. Psalmen. 1. Teilband. Psalmen 1-63. Neukirchener Verlag : Der Erziehungsvereins Neukirchen-Vluyn. 444p.
- LAMPATER, H. 1961. Das Buch der Psalmen I. Die Botschaft des Alten Testaments. Psalm 1-72. Calwer Verlag : Stuttgart. 548p.
- LEUPOLD, H.C. 1979. Exposition of the Psalms. Baker Book House. Grand Rapids, Michigan. 1008p.

- PRINSLOO, W.S. 2000. Psalm 2: ONDERWERP JULLE AAN DIE HERE. *In*: Die lof van my God solank ek lewe.
- RIDDERBOS, J. 1955. De Psalmen. Deel 1. COT. Kok : Kampen. 421p.
- RIDDERBOS, Nic H. 19?. De Psalmen. Deel 1. Korte Verklaring. Kok : Kampen. 455p.
- RIDDERBOS, H.N. 19?. Mattheüs. Deel 1. Korte Verklaring. Kok : Kampen. 455p.
- ROSENBERG, A.J. 1991. The Book of Psalms. Vol.1. A new English translation of the text, Rashi and a commentary digest. The Judaic Press : New York. 179p.
- SCHNEIDER, D. 1995. Das Buch der Psalmen. 1. Teil. Psalm 1-50. Wuppertaler Studienbibel. R.Brockhaus Verlag : Wuppertal und Zürich. 332p.
- SPURGEON, C. 1984. Spurgeon's Treasury of David. Volume 1: Psalms 1-89. Baker Book House. Grand Rapids, Michigan.
- STEC, D.M. 2004. The Targum of Psalms. The Aramaic Bible Volume 16. Liturgical Press : Collegeville, Minnesota. 254p.
- VAN BRUGGEN, J. 1981. Het lezen van de Bijbel. Een inleiding. Kampen : Kok. 187p.
- VAN SELMS, A. 1952. Lig uit lig. H.A.U.M./J.H. de Bussy : Kaapstad-Pretoria. 172p.
- VAN UCHELEN, N.A. 1986. Psalmen deel I. De prediking van het Oude Testament. Callenbach : Nijkerk. 285p.
- VALETON, J.J.P. 1902. De Psalmen. Eerste deel. Psalm I – XLI. Firma H. Ten Hoet. 322p.
- WEISER, A. 1962. The Psalms. Fletcher & Son Ltd. : Norwich. 841p.